# BOKKOMPIE

## NET DIE BESTE GEE VOLDOENING



**KULTUURAAND**
**MATRIEKUITSTAPDAG**
**MNR & MEJ VHS**

**AFSKEID**
**ONDERWYSERS**
**VERMAAK**

**SPORT**
**RESEPTE**
**VRL**

ISSUE NO.3

NOVEMBER '22

# MATRIEK UITSTAPDAG

## MATRIX 2022 ... SIGNING OUT!

**BY MARI VAN NIEUWENHUYZEN**

On the 21st of October 2022 the matriculants attended their very last assembly in Vredenburg High School's hall. So many emotions were tangible in the hall, not only from the matriculants, but from their parents and family as well.

'n Pragtige en betekenisvolle boodskap was deur Ds Konette van Rooyen gelewer. Sy het daarop gefokus dat moeilike tye (soos die eksamen) voorlê, maar dat mens jouself nie moet blindstaar teen die uitdagings nie en eerder fokus op die pad vorentoe.

At the prize giving ceremony a great number of grade 12's received prizes for their great achievements during 2022. It was a big day for everyone, including the RCL of 2023.

Die VRL van 2023 het die Donderdagmiddag skouer aan die wiel gesit om die saal perfek te maak vir die matrieks, aangesien dit een van hulle eerste projekte as VRL was. Hulle wou nie die graad 12's teleurstel nie, want hulle verdien net die beste afskeid na 12 skooljare.

Die matrieks het vir die laaste keer die skoollied uit volle bors gesing en het duidelik gewys dat hulle altyd trotse Burgies sal wees.

Tears were streaming down the faces of pupils, parents and teachers as they walked out of the school through a guard of honor and signed out at the gate for the final time.

The new head leaders, Carina van Wyk and Santino Appels, were announced and greeted the matrics as they headed out.

The Matrics of 2022 will be missed and we wish them a good final exam and bright future ahead, because we believe in them.



# HOOFSEUN & HOOFDOGTER '23

## LEADERS OF THE PACK

Gedurende die uitstapdag-seremonie van 21 Oktober, het die VRL'e van 2022 vir 'n laaste keer hul verskynsel op die verhoog gemaak.

Die senior asook die junior VRL van 2023 is na die verhoog genooi en die VRL van 2022 het die VRL-balkies aan die nuwe VRL van 2023 oorhandig en aangesit.

Kort daarna is die nuwe hoofleiers vir 2023 aangekondig - Carina van Wyk as hoofdogter en Santino Appels as hoofseun van Vredenburg Hoërskool 2023.

With confidence and joy the head leaders gave meaningful speeches of greatfulness and commitment. The RCL can say with great pride that they have chosen the best leaders for them as RCL as well as for the school. Carina, as hardworking as she already is, is dedicated and passionate about her role as head girl and will strive to do the best that she can next year.




Santino with his endurance, enthusiasm and commitment is going to make the best head boy.

Carina en Santino is 'n sterk kombinasie wat die res van die span net nog beter gaan lei. Hulle is ywerig en vasbeslote om 2023 'n goeie jaar te maak en hulle weet dat hulle altyd op hul mede-VRL kan staatmaak.

**DEUR MARI VAN NIEUWENHUYZEN**


1973-2023
50 YEARS
VREDENBURG HIGH SCHOOL
HOËRSKOOL VREDENBURG
50 YEAR
ANNIVERSARY
WEEKEND SCHEDULE
APRIL 2023
COME CELEBRATE WITH US!
FRIDAY
21
Gala Dinner
SATURDAY
22
Sports Day & Reunions of various year groups
SUNDAY
23
Special Church Service
WEDNESDAY
26
Carnival for learners to celebrate the school's birthday of 27 April.
ONLY THE BEST SATISFIES
NET DIE BESTE GEE VOLDOENING

# SPORT KWARTAAL VIER

## ALLES WAT JY MOET WEET - IN 'N NEUTEDOP

**DEUR KRISTI COETZEE**

## TENNIS



Die eerstespan tennis word deur juffrou Bosman afgerig.

Die eerste span bestaan uit:
Steven Bowles
Heimar Jordaan
Ethan Jonkers
Marí van Nieuwenhyzen.

Die span speel teen al die Weskus skole, naamlik Swartland, Dirkie Uys, Curro, Hopefield, Piketberg en Porterville.

By al hul wedstryde die kwartaal het hulle hul beste gegee en die spel geniet. Al is die kompetisie hoe sterk, gee die Burgies altyd hul beste en gee nooit op voor die laaste punt gespeel is nie.

Die Burgies verbeter met elke wedstryd en sien uit na 2023. Die Burgies toon uitstekende gedrag op die baan en van die baan af.

Hulle het goeie sportmangees en respek teenoor mekaar en ander skole betoon.

## ATLETIEK

Die Top 10 atlete van ons skool het in Bredasdorp deelgeneem, waar die beste atlete van al die skole in die Wes-Kaap deelgeneem het.


Twee van ons skool se atlete het medaljes ontvang: Santino Appels was derde in die 0/17-seuns 1500m meter en tweede in die 800m vir seuns 0/17.

Anver Barends was derde by die 0/17-seuns spiesgooi. Die ander atlete het hul beste gegee en die dag geniet. Hulle het die Vrydagoggend vertrek en in die koshuis gebly, waar hulle atlete van ander skole ontmoet het, voordat hulle Saterdag na die byeenkoms, teruggekom het.

'n Interessante feit oor die dag is dat dit op Super Sport Skole uitgesaai was.

Ons Top 10 atlete is: Santino, Ruan, Elrin, Donovan, Anver, Terwin, Craigon, Leila, Tashnique en Adhraa.

# KRIEKET



Die Krieketspan word deur mnr Rocher en mnr Le Roux afgerig.


Hierdie kwartaal was daar slegs een wedstryd en dit was teen Hoërskool Porterville op 3 November by Hoërskool Vredenburg.

Die Burgies boul Hoërskool Porterville uit vir 75. Die Burgies behaal 35 lopies. Die speler van die wedstryd was Yusha Bux. Die span toon goeie gedrag teenoor mekaar en ander skole.



Die krieket-Burgies werk hard en motiveer mekaar die hele tyd, nie net by wedstryde nie, maar ook by oefening.

Die Krieket-oefenspan bestaan uit: Ruan, Bux, Austin, Eathan, Diego, Ardiaan, Jordan, Dandre, Paul, Dylan, Graig, Kiran, Jaden, Tandiwa, Inami, Linomtha, Cobus, Dean, Hendrik, Philander en Nkosie.



# MENEER & MEJUFFROU VHS

## MENEER EN MEJUFFROU VHS
## GREASE STYLE!






‘n Aand vir die boeke ... VHS het dit weer gedoen – hierdie keer in bekoorlike 60’s-styl. Die aand is afgeskop met die openingsdans, *You’re the one that I want.*

Daar het twintig deelnemers aan die verrigtinge deelgeneem. Die aand is in drie kategorieë verdeel. Die eerste kategorie was die informele-afdeling. Deelnemers het in pare op die loopplank hulle temas uitgebeeld.

Daarna het die kreatiewe-afdeling gevolg. Deelnemers kon enige film kies en moes ‘n toneel uit die film opvoer. Films soos James Bond, Cinderella en Mama Mia het hulle verskyning gemaak.

Die hoogtepunt van die aand was natuurlik die formele-afdeling. Deelnermers was uitgevat in aandrokke en pakke. Elke paartjie het op die maat van die Grease-klankbaan oor die loopplank beweeg.

Die vorige jaar se Meneer en Mejuffrou VHS het vir oulaas ‘n geleentheid gekry vir die laaste buiging. Die einde van die aand het aangebreek en dit was tyd dat die wenners gekroon word Cobus Nelson en Demi-Xlee Davids is as Meneer en Mejuffrou VHS 2022 gekroon.

Die aand was 'n dawerende sukses en het weereens net bewys waartoe VHS in staat is.

# CULTURE EVENING

## DIM THE LIGHTS AND TURN UP THE VOLUME FOR VHS'S CULTURE EVENING!

The learners of VHS showcased their awesome talents on the 27th October by hosting a culture evening arranged by Ms. Basson. The learners' talents ranged from ballet to ballroom dancing; solo singing; monologues and even crazy guitar skills!



Die aand is geopen met 'n pragtige klavier-solo deur Kayla Scheepers en later gevolg deur Angelo Julies wat almal laat skaterlag het met sy monoloog oor shrimp. Aneesha van der Westhuizen en Mari van Nieuwenhuyzen het beide asemrowend met hul ballet-solo's gedans! Victoria and Imran blew the guests mind with their beautiful ballroom ensemble. Ethan Wilson took everyones breath away with his great vocals and those amazing guitar solo.

And who can forget the soulful duet by Beyoncé Adams and Ettienne Theart to "All of Me"? No one can – especially everyone on the gallery singing along with their flashlights on... #EveryoneSoGotChills



Baie dankie aan elke leerder wat hul passie op die verhoog kom uitleef het. Burgies, julle kan regtig trots wees op jul vele talente!



# JUFFROU CRAILL

## ONDERWYSER VAN DIE JAAR KOMPETISIE

**DEUR KRISTI COETZEE**

Juffrou Craill het onlangs aan 'n kompetisie, naamlik die Onderwyser van die jaar deelgeneem. Die kompetisie het landswyd gestrek en het gepoog om die beste onderwyser aan te wys.

Daar was drie kategorieë: Voorskool, Laerskool en Hoërskool. Een van die VHS-ouers het haar genomineer en ingeskryf vir die kompetisie.

Die Bokkompie het met Juffrou Craill gaan gesels oor hierdie wonderlike prestasies.

### AAN WATTER VEREISTES MOES JUFFROU VOLDOEN?

Juffrou Craill sê tong in die kies dat sy natuurlik eerstens 'n onderwyser moet wees [LOL]. Dit gaan oor deelname by die skool, projekte en betrokkenheid by die gemeenskap ensovoorts.

Die kompetisie het verskeie rondtes bevat. Die eerste rondte was die inskrywing van die ouer. Daarna kyk Solidariteit wie die top vyftien kandidate is. Juffrou Craill moes ook 'n motivering met sekere inligting geskryf het. Tydens die tweede rondte het die publiek en die leerders die kans gekry om elektronies te stem. Daarna moes sy 'n opname inhandig waarin daar sekere aspekte van haar moes wees, sowel as vrae wat sy moes beantwoord.

Laastens het die paneel van Solidariteit gesit en die wenner gekies.



**HOEKOM HET JUFFROU BESLUIT OM AAN DIE KOMPETISIE DEEL TE NEEM?**

Sy het eers gehuiwer om die nominasie te aanvaar, maar sy het besluit dat dit tog 'n voorreg is as iemand anders glo jy verdien so 'n toekenning. Sy glo dat dit ook belangrik is, in vandag se onderwys, dat onderwysers besef dat hulle 'n ongelooflike belangrike rol in die samelewing speel.

Juffrou Craill het aanvanklik Bedryfskommunikasie studeer en sy het daarna haar N.GOS-kwalifikasie gedoen, maar sy glo dat onderwys haar gekies het.

**IS JUFFROU MEER GEMOTIVEERD OM AAN TE GAAN MET ONDERWYS NA DIE KOMPETISIE?**

Die kompetisie is nie wat haar dryf nie, dat 'n ouer wel gevoel het sy beteken vir ons leerders genoeg om haar te wou inskryf, is wat haar verder dryf MAAR haar motivering lê by die leerders met wie sy elke dag te doen kry en die voorreg om deel van hulle lewens te kan wees. En dat sy 'n verandering WIL maak.

**WAAR SIEN JUFFROU VIR JUFFROU OOR VYF JAAR?**

In die spieël is al waar sy haarself soggens raaksien (haha). Iewers op 'n eiland weg met 'n vakansie wat 'n ouer vir haar gereël het (haha). Op die stadium sien sy haarself nog in dieselfde kantoor, maar waar leerders almal vrymoedigheid het om in te loer. Sy sien haarself op die sportvelde en in die dorp, waar oud-Burgies nie kan wag om te groet en te vertel hoe dit met hulle gaan en hulle lewensreis en stories te deel nie.

**WAT IS JUFFROU SE IDEALE VHS?**

Sy sal aanhou doen wat sy tans besig is om te doen. Om elke dag te poog om die beste onderwyser vir ons leerders en die beste kollega vir ons personeel te wees en om steeds hard te werk om die skool 'n plek te maak waar die Burgies veilig kan voel en waar hulle dit geniet om skool toe te kom. Om 'n gemeenskaplikheid onder almal te skep, waar ons vir mekaar omgee, respekteer, as 'n span kan saamwerk en verantwoordelikheid aanvaar vir ons optredes.

**LAASTENS, SAL JUFFROU WEER AAN SÓ KOMPETISIE DEELNEEM?**

Nie nou dadelik nie, maar indien sy weer die geleentheid gebied word, sal sy dit weer oorweeg.

# VHS-GROET...
## JUF. SCHLEBUSCH & JUF. ELSTADT

**DEUR "THE FREELANCE WRITER"**

Wanneer 'n onderwyser aftree, hoor ons die lirieke van Regina Spektor se liedjie, *The Call*, "I'll come back, when you call me, no need to say goodbye". Ons sal hulle weer sien wanneer hulle by die skool kom uithelp of in die winkel inkopies doen.

Aan die einde van 2022, tree juffrou Elstadt af. Haar loopbaan het begin met haar eerste onderwyspos in die Noord-Kaap, voor sy vir 14 jaar tyd in die advertensie-bedryf spandeer het. Gedurende haar loopbaan was sy by vyf verskillende skole, waar sy Lewenswetenskappe, Rekeningkunde, Huishoudkunde en Natuurwetenskappe gegee het.

Haar liefde vir onderwys was so groot dat sy nie vir een oomblik daarin getwyfel het om 'n onderwyser te wees nie. Afgesien van haar liefde om kinders wat wil leer te help, het sy dit, in haar eie woorde, "geniet om netjies aan te trek." Merietes en bevorderings vir haar 'n bonus. Nou beplan sy om haar aftrede te spandeer om al die stokperdjies te beoefen waarvoor sy nooit kans gekry het nie.

Sy sluit af met die volgende woorde vir die leerders:
"Julle leef in 'n moeilike tyd, so net jou beste is goed genoeg."
En vir die onderwysers van die toekoms laat sy die volgende inspirerende woorde:
"Die uitdagings raak al hoe moeiliker, maar waar daar 'n wil is, is daar 'n weg."

Na 45 jaar in die onderwys tree juffrou Schlebusch ook af. Afgesien van Hoërskool Vredenburg was sy by vyf ander skole, naamlik Hoërskole Upington, Ugie, Maclear, Landbouskool Noord-Kaap en Sutherland. Gedurende haar loopbaan het sy Engels EAT, Engels HT, Afrikaans HT, Afrikaans EAT, Geskiedenis, Voorligting, Lewensoriëntering, Sang en Wiskunde gegee het.

Haar liefde vir onderwys en kinders is so groot dat sy sê, as sy kon, sou sy skool gee tot sy fisies nie meer kon nie. Afgesien van haar baie jare in die onderwys, was sy vir ses maande by RGN (om 'n skoolgereedheidtoets te ontwikkel) en twee jaar by Welkom Kinderleidingkliniek as skoolsielkundige.





Haar grootste prestasies in die onderwys was haar 17 jaar as skoolhoof, tien jaar met 'n 100% slaagsyfer en die twee jaar wat sy 'n toekenning gekry het by die "Matric Award Ceremony" vir hul matriekuitslae. Nou gaan sy haar aftrede gebruik om haar tannie se 15 jaar-oue tapisserieë uit te werk en vir vriende en familie in die Vrystaat, Gauteng en Oos-Kaap te gaan kuier.


Sy bieg dat, as sy kan, sy ook ekstraklasse sal gee. Sy sê dat sy die kinders, die samesyn in die personeelkamer en die "vibe" van die jong onderwysers gaan mis.

Sy sluit af met die volgende woorde vir die leerders:
"Wees die beste weergawe van jouself; gebruik en ontwikkel jou God gegewe talente en potensiaal."
En vir die onderwysers van die toekoms:

"Onderwys is 'n roeping en nie 'n beroep nie. Dit is harde werk en 'n mens moet soms opofferings maak. Elke kind het potensiaal, ons moet dit net ontdek en ontgin. Daar is niks so lekker as wanneer 'n oud-leerder jare later vir jou dankie sê vir jou bydrae tot sy/haar sukses nie."

# VHS-GROET OOK DIE VOLGENDE ONDERWYSERS AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR ...

## UIT JUF. BEZANT SE PEN





JUF. BEZANT



MNR DU TOIT



JUF VENTER



JUF SMIT

Mense sê jy is wat jy eet
wat jy lees
en waarna jy kyk.

Maar wie is ons,
of wie gee ons voor om te wees
en wat is eintlik onder vlees?

Vlees, flesh.
Flesh can be defined as
“the skin of the human body”.
What is under a teacher's skin?
Georganiseerde chaos.
Identiteit.
Identity, the fact of being who
or what a person or thing is.

Wie is ek?
Who are you?
Wie is ons?

Ons is onderwysers, ons is mense
wat raak sien wat ander miskyk, ons skep,
ons gee waarde ... ons IS net.

Ek is ‘n berader.
Ek is ‘n polisieman.
Ek is ‘n ouer.
Ek is ...
Ek is ‘n VHS-onderwyser.

# TWEE LEUENS EN 'N WAARHEID ...

Jy kry elke dag by hierdie onderwysers skool en jy kan al hulle rympies uit jou kop uit sê? Tog, ken jy hulle regtig? Weet jy presies wie hulle regtig is?

Elke kwartaal word ‘n vakspan gevra om drie stellings in te stuur.
Twee stellings is die waarheid en een stelling is ‘n leuen ...



**MENEER ZANDER BELL**

1) Ek het al die Comrades gedoen.

2) Ek het ‘n fobie vir spinnekoppe.

3) My werk is altyd op datum en op tyd klaar.

**JUFFROU NICOLA TOPE**

1) Ek is gebore op Moorreesburg.

2) Eerlikheid is vir my baie belangrik.


3) Ek hou baie van kosmaak.

**MENEER HANDRI DU TOIT**

1) Ek is ‘n ou provinsiale rugbyspeler.

2) Ek was ‘n dieselmotorwerktuigkundige voor ek onderwys studeer het.

3) Ek hou ‘n SA-rekord in swem.



### JUFFROU KAYLIN FERREIRA

1) Ek kan fiets ry.

2) Ek kan 'n "Rubik's Cube" oplos.

3) Ek het nog nooit 'n been gebreek nie.

### JUFFROU LUZANNE WITBOOI

1) Ek is 'n bobaas kok.

2) My gunstelingsport is swem.

3) Ek eet hopeloos teveel pasteie.

### JUFFROU INA NIEMANN

1) Ek het skool gehou in Parys.

2) Ek het al vir 'n Cheetah kos gegee.

3) Ek hou van rooi.

### JUFFROU SURITA PEDRO

1) Ek was nog nooit oorsee nie.

2) Ek het nog nooit my eie fiets gehad nie.

3) Ek kan klavier speel.

### JUFFROU HANNELIE KLEYNHANS

1) Ek hou meer van honde as van katte.

2) Ek speel eerder soduko as wat ek 'n boek lees.

3) Ek het al die Argus gery.

### JUFFROU CAREN EHLERS

1) Ek het bo 80% gekry vir Wiskunde op skool.

2) Ek het in drie sportsoorte provinsiale kleure.

3) Ek het twee kinders.

*ANTWOORDE SAL IN DIE VOLGENDE BOKKOMPIE VERSKYN.


## DID YOU KNOW?

PAPPA IS THE PROUD PAPPA OF 30 SNAKES.



# HET JY GEHOOR?

Juffrou Basson & Meneer du Toit het verloof geraak!









Juffrou Pontello heet nou deesdae Pontello-Williams!

# RECIPES





**WHITE CHOCOLATE FESTIVE FUDGE**

Prep time: 5 minutes
Cook time: 10 minutes
Total time: 15 minutes

**Ingredients:**
5 slabs of 80g Nestlé Milky Bar Chocolate
¾ Tin Condensed Milk
2 Cups Mini Marshmallows
Small pinch salt
½ teaspoon Vanilla Extract
1 ½ cups red and green M&Ms (divided)

**Instructions:**

1. With parchment paper, line a baking dish and set aside.
2. Combine sweetened condensed milk and white chocolate in a heavy-bottomed pot. Stir over low heat, until melted, being careful not to let it burn. (You can also microwave it for 60 seconds)
3. Add marshmallows, stir and heat again (microwave 30 more seconds)
4. Add salt and vanilla. Stir until melted and smooth.
5. Being careful not to overly mix, fold in about 3/4 cup of the M&Ms.
6. Place the fudge mix into the lined baking dish. Sprinkle the remaining M&M candies over the top and gently press them into the fudge.
7. Place in the refrigerator to allow the fudge to set and cut into squares when solid.

# RECIPES

**CHRISTMAS JELLY**

Prep time: 5 minutes
Waiting time: 2 hours
Total time: 2 hours and 5 minutes

**Ingredients:**
1 sachet of strawberry (red) jelly
1 sachet lime (green) jelly
Cool whipped Cream
2 cups of boiling water
2 cups of cold water
Christmas Decorations


**Instructions:**

1. If you can find tall shot glasses they will work best, but any clear glass will do.
2. Place strawberry jelly in a bowl and add 1 cup of boiling water.
3. Stir well until dissolved.
4. Add 1 cup of cold water.
5. Fill each glass about 1/2 full of jelly and place in the refrigerator until set.
6. Place lime jelly in a bowl and add 1 cup boiling water.
7. Stir well until dissolved.
8. Add 1 cup of cold water.
9. Fill each glass that contains the previously set strawberry jelly with lime jelly until nearly full.
10. Place in the refrigerator until set and ready to serve.
11. Top each portion with whipped topping and garnish with Christmas decorations.



# PUZZLES

## VHS BOKKOMPIE





**Across**

3. Complete: Enrich our lives with _____ thoughts and love supreme.
9. Gedurende hierdie sportdag word daar kragte teen Monumentpark gemeet.
10. The school mascot is ______ Burgie.
11. In 2023 word die skool _______ jaar you oud.

**Down**

1. The school is known among locals as the _____-school.
2. Voltooi: Net die beste gee _______.
4. Nickname for pupils of Vredenburg High.
5. Dit alles bring van ver 'n ______ aan jou.
6. As jy nie jou huiswerk doen nie, teken die onderwyser dit op aan.
7. Naughy learners are sent to ______-class.
8. Wie is die skoolhoof van VHS?

# OPLOSSING


1 BLUE
2 VOLDOENING
3 NOBLE
4 BURGIES
5 HULDEGROET
6 SASPA
7 CHILL
8 BRITZ
9 INTERSKOLE
10 CAPTAIN
11 VYFTIG


MERRY
CHRISTMAS
&
HAPPY
NEW YEAR!